



**ASSESSMENT & EXAMINATIONS**

Bundy Park, Schornville, KWT \* Private Bag X 4571, KWT, 5600  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: [www.ecdoe.gov.za](http://www.ecdoe.gov.za)

## **NSC 2011 CHIEF MARKER'S REPORT**

<b>SUBJECT</b>	<b>Afrikaans Home Language</b>
----------------	--------------------------------

<b>PAPER</b>	<b>3</b>
--------------	----------

<b>DATE OF EXAMINATION:</b>	<b>18 November 2011</b>	<b>DURATION:</b>	<b>2½</b>
-----------------------------	-------------------------	------------------	-----------

### **SECTION 1:**

**(General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**

#### **AFDELING A**

Die kandidate het oor die algemeen gemiddeld tot goed gevaar. Die meeste van die kandidate het 1.1.en 1.3. gekies omdat die onderwerpe hulle makliker tot verhalende, beskrywende en bespiegelende opstelverleëen het.Moontlik ook omdat dit binne hul leefwêreld ingepas het.Wat ook verblydend is, is die feit dat baie kandidate tog die prosesbenadering (beplanning en redigering) gevolg het en dit het ook bygedra tot beter opstelle as in die verlede. Diefoutiewe taalgebruik van baie kandidate is nog kommerwekkend bv. lang oorloopsinne sonder leestekens, paragraferingfoute en woordorde foute. Baie oulike opstelle, selfs beter as verlede jaar, het voorgekom en kandidate het verras met hul kreatiwiteit, insig en taalvermoë.

#### **AFDELING B & C**

Die kandidate vaar oor die algemeen baie beter in die kort stelstukke omdat hulle minder moet skryf oor 'n bepaalde onderwerp en baie van die stukke is funksionele skryfwerk waarmee hulle ook in ander vakke te doen kry. Baie kandidate geniet die tipe skryfwerk ook baie meer as opstelle, want hulle redeneer dat opstelle is vir mense wat skrywers wil word. Wat egter vanjaar kommerwekkend is, is die kandidate se karige kennis van die formate van die transaksionele tekste. Kandidate se gebrekkige algemene kennis gaan hulle jaar na jaar pootjie wanneer hulle oor 'n onderwerp moet skryf soos bv.die krisissituasie van die varswaterbronne. Leerlinge wat wyd lees, het oor die algemeen genoeg skietgoed om enige onderwerp met vertroue aan te bied omdat eksaminatore met hul keuses van onderwerpe fokus op die leefwêreld van die kandidate.

## SECTION 2:

**Comment on candidates' performance in individual questions  
(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).**

### **QUESTION 1**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question.  
Was the question well answered or poorly answered?**

#### **VRAAG 1.1.**

Ongeveer 51% van die kandidate het die onderwerp gekies en hulle het gemiddeld tot goed hierin gevaar. Hierdie onderwerp het ondergemiddelde tot uitstekende opstelle opgelewer. Ver al die swakker kandidate het aanklank by hierdie onderwerp gevind omdat hulle goeie verhalende opstelle kon skryf oor hoe een van hul vriendskapsverhoudinge skeefgeloop het.

#### **VRAAG 1.2.**

Ongeveer 2% van die kandidate het hierdie onderwerp gekies en gemiddeld tot goed hierin gevaar. Oor die algemeen het die bogemiddelde kandidate hierdie onderwerp gekies.

#### **VRAAG 1.3.**

Ongeveer 9% van die kandidate het hierdie onderwerp gekies en het bogemiddeld hierin gevaar. Omdat daar so baie invalshoeke by hierdie opstel was, kon baie kandidate gemiddelde tot goeie opstelle hieroor skryf.

#### **VRAAG 1.4.**

Ongeveer 9% van die kandidate het hierdie onderwerp gekies en die gemiddelde persentasie was redelik gemiddeld. Kandidate wat lede van debatsverenigings was, kon hierdie opstel met heelwat sukses aanpak. Swakker kandidate het ook die opstel aangepak en het ondergemiddeld tot gemiddelde punte behaal. Ver al kandidate wat nie beoog om aan 'n universiteit te studeer nie, het hieroor geskryf omdat hulle hul met die keuse van nie-universiteitsopleiding kon vereenselwig.

#### **VRAAG 1.5.**

Ongeveer 2% van die kandidate het hierdie onderwerp gekies en het bogemiddeld presteer. Oor die algemeen was daar baie goeie opstelle hieroor, maar net sulke patetiese opstelle ook omdat hierdie opstel vir die skrande kandidaat bedoel was.

#### **VRAAG 1.6.**

Ongeveer 27% van die kandidate het die visuele prikkels gekies en het gemiddeld tot goed hierin gevaar.

Hierdie vraag was bedoel vir die swakker sowel as die skrande kandidate en daarom het die opstelle van gemiddeld tot uitstekende opstelle gewissel. Ver al 1.6.3. het baie goeie opstelle opgelewer omdat daar 'n legio interpretasies was. Diegene wat verhalende opstelle uit die prikkels ontwikkel het, het nogal goeie opstelle geskryf.

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

**VRAAG 1.1.**

Die kandidate wat nie goed gevaar het nie, is as gevolg van die volgende:

- Die kandidate het vasgehak by vriendskappe en het nie by “skeefloop” uitgekom nie.
- Logiese ontwikkeling van die onderwerp, veral in die geval van die bespiegelende opstel, was ‘n probleem.

**VRAAG 1.2.**

- Die paar ondergemiddelde opstelle wat ons hier gekry het, is as gevolg van kandidate wat nie by kern van die opstel uitgekom het nie nl. Wyse woorde alles oorleef.
- ‘n Paar kandidate se fokus het eerder geval op beskawings, persone en tempels wat tot ‘n val gekom het, maar het glad nie by wyse woorde uitgekom nie.

**VRAAG 1.3.**

- Min verbeeldingryke idees het na vore gekom; die meeste kandidate het eerder oor Kersfees geoorrel of oor ‘n besoek aan ‘n winkelgeskryf met geen ontwikkeling in die storie nie.
- Kandidate sukkel om ‘n storie te ontwikkel wat tot ‘n klimaks lei.
- Paragrafering is ‘n groot probleem omdat baie kandidate geneig is om die opstel as een paragraaf aan te bied.

**VRAAG 1.4.**

- Kandidate wat swak in die opstel gevaar het, was dié wat ‘n keuse gemaak het dat universiteitsopleiding nie ‘n noodsaaklikheid is nie.
- Kandidate kon bv. nie ‘n paradigmatuik maak nie en juis die teendeel van die stelling gebruik om sy opstel uit te bou nie bv. Formele universiteitsopleiding is juis nodig vir ‘n suksesvolle loopbaan.
- Kandidate het nie genoegsame argumente gehad om hul stelling te staaf nie en het hulle dus aan herhaling skuldig gemaak – wat weer eens daarop dui dat hulle nie genoeg lees om hul visie van die samelewing daar buite te kan verbreed nie.
- Sommige kandidate het genoegsame idees gehad, maar het nie geweet hoe om dit uit te pak dat dit ‘n sinvolle geheel vorm nie – gereelde mondelinge sowel as skriftelike oefening oor hoe om argumente te staaf, is belangrik.
- Paragraafbou (een idee per paragraaf) kelder baie kandidate.
- Kandidate wat ‘n verhalende opstel van hierdie onderwerp gemaak het, kon ook nie by die kern uitkom nie.

**VRAAG 1.5.**

- Kandidate het gesukkel met die begrip “lewenspeil” en daarom het so min kandidate dit aangepak.
- Die opstel het goeie kennis van die sosiaal ekonomiese omstandighede van Suid-Afrika verlang en baie kandidate het net nie daarvoor beskik nie.

**VRAAG 1.6.**

- Onderwerpe wat nie goed ontwikkel is nie; afdwaling van 'n spesifieke tema was van die probleme wat tot swak opstelle gelei het.

**(a) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

- LEES en nogmaals LEES is wat kandidate nodig het om beter in die vraestel te vaar – dit sal kandidate se taal en spelvermoë verbeter.
- Kandidate moet aangemoedig word om eenvoudig, maar treffend te skryf.
- Moenie afkortings en syfers (10 honde in plaas van tien honed) in sinne gebruik nie – skryf die woorde volledig uit.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

- Slegs die beter kandidate het hul hand aan die visuele prikkels gewaag. WAAROM? Ek is van mening dat die prikkels juis daar is om die swakker en gemiddelde kandidaat te bevoordeel. Dit mag moontlik wees omdat onderwysers self nie seker is oor ver die prikkel geïnterpreteer kan word nie. Die kandidaat kan oor enige aspek van die prikkel skryf en sy eie titel skep bv. In 1.6.1. kon die kandidate oor die klavier/mismoedigheid/my oupa/slegte ervaring ens. skryf. Die moontlikhede is legio solank as wat dit uit die prikkel verantwoord kan word.
- Kandidate skryf baie beter as hulle uit die hart skryf, opreg en sonder kunsmatigheid.
- Baie kandidate kan egter nog steeds nie buite die voordiehandliggende dink nie.
- Eenvoudig maar korrekte taal is baie beter as die onnodig hoogdrawende taal waarin sommige leerlinge hulleself vasskryf.
- Onleesbare handskrif het nog geen kandidaat tot voordeel gestrek nie – sommige skrifte is so moeilik leesbaar dat dit moeilik is om die gedagtegang van die kandidaat te volg.
- Baie minder mxit-taal het vanjaar voorgekom.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

## **AFDELING A**

- Meer tyd behoort afgestaan te word aan die voorbereiding van Vraestel 3 bv. die interpretasie van onderwerpe/paragraafbou oefeninge/informele inoefening van transaksionele tekste. Leerlinge moet geleer word om onderwerpe uit verskillende hoeke te kan benader en beplanning oor onderwerpe uiteen te kan sit.
- Paragraaf- en sinsbou vra ook vir dringende aandag!!! Baie kandidate het die hele opstel in een lang sin sonder enige leestekens geskryf. Dieselfde gedagtes kom soms in al die verskillende paragrawe voor. In die opstel As'n vriendskap skeefloop ..., het die kandidate in dieselfde paragraaf 'n paar redes hoekom vriendskappe kan skeefloop, die gevolge van die skeefloop en wat gedoen kan word om die situasie te beredder geskryf. Dit kon 'n goeie bespiegelende opstel gewees het indien al die aspekte in verskillende paragrawe weergegee is.
- Die anglisistiese weglating van lidwoorde kom algemeen voor bv. Mens weet nie meer wat om wanneer te verwag nie.
- Weglating van voorsetsels kom oor baie voor: Eerstens moet jy vergifnis vra - Eerstens moet jy om vergifnis vra./ Ek moes hom daardie dag gaan besoek het – Ek moes hom op daardie dag gaan besoek het.
- Die weglating van “dat” by die indirekte rede: My ma het gesê ek moet jeug toe gaan.
- Die korrekte gebruik van betreklike voornaamwoorde was 'n kopseer in al drie afdelings. Kandidate moet baie oefening in die korrekte gebruik hiervan kry.
- Onderwysers behoort bv. elke Maandag die hoofartikels van koerante met leerlinge te bespreek ten einde hulle op hoogte te bring van aktuele sake.
- Die volgende taalgoggas kom ook baie algemeen voor:
  - “van” i.p.v. “want”
  - “dit” i.p.v. “het” ... omdat hy so gesê dit.

## **QUESTION 2**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

### **2.1. FORMELE BRIEF**

Die kandidate moes 'n formele brief skryf waarin hulle kla oor die lawaai van die kleuterskool tydens hulle matriekeksamen. Ongeveer 71% van die kandidate het hierdie onderwerp aangepak. Die kandidate kon hulle met die onderwerp identifiseer.

### **2.2. TOESPRAAK**

Ongeveer 27% van die kandidate het hierdie onderwerp aangepak. Die kandidate moes 'n toespraak skryf wat handel oor ouers en leerders wat sterk aanvalle loods wanneer sportspanne nie na wense presteer nie.

Diegene wat hierdie onderwerp aangepak het, het gemiddelde tot goeie punte hiervoor gekry. Die onderwerp het hom tot 'n formele of informele toespraak verleen. Kandidate kon ook die opdrag uit verskillende hoeke benader: fokus slegs op die sterk aanvalle wat geloods word daarmee saamstem en redes gee of dit verwerp en redes daarvoor gee. Of hulle kon fokus op skoolspanne wat nie na wense presteer nie en dit verdedig of daarmee saamstem en verduidelik wat gedoen kan word om dit reg te stel bv. aanmoedig om meer te oefen/betyds vir oefeninge op te daag/professionele afrigters aan te stel ens.

### **2.3. ONDERHOUD**

Ongeveer 2% van die kandidate het hierdie onderwerp aangepak . Die kandidate moes 'n onderhoud met die nuutverkose voorsitter van die leerlingraad voer. Die kandidate het swak tot goed hierin gevaar.

Die onderhoud kon in dialoogvorm, vraag-en-antwoordvorm of as 'n artikelformaat aangepak word.

### **2.4. MEMORANDUM**

Baie minvan die kandidate het hierdie onderwerp aangepak. Die kandidate moes 'n memorandum skryf waarin die gr. 12-leerders herinner word aan die tuinverfraaiingsprojek by die ouetehuis. Kandidate moes slegs die reëlings daarin uiteensit en die meeste van hulle het swak hierin gevaar.

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

### **2.1. FORMELE BRIEF**

- Die formaat van die brief was 'n groot probleem: adresse, aanhef, inleiding, slot is of weggelaat of dit was foutief.
- Toon en styl van die brief was ook foutief: baie kandidate was aanmatigend of onbeskof en het 'n informele toon gebruik.
- Die interpretasie van die onderwerp het ook 'n probleem geskep: die skrandere kandidaat het nie net gekonsentreer op die geraasprobleem nie, maar het ook uitgebrei en aangedui hoe die geraas hom/haar benadeel en het selfs met voorstelle vorendag gekom.

### **2.2. TOESPRAAK**

- “sterk aanvalle” is deur sommige kandidate letterlik geïnterpreteer.
- Die formaat van die toespraak is dikwels verkeerd aangepak – baie skryfstukke het geen inleiding en 'n slot gehad nie.
- Kandidate het die opdrag swak vertolk en oor sport in die algemeen geskryf.
- Paragraferingfoute en swak taalgebruik bv. weglating van lidwoorde en voorsetsels en verkeerde gebruik van betreklike voornaamwoorde was ook 'n probleem.

### **2.3. ONDERHOUD**

- Kandidate het vroe gestel wat nie verband hou met die VRL nie en het dit meer persoonlik van aard gemaak.
- Die dialoogformaat is verkeerd gebruik en sommige kandidate het glad nie geweet hoe om die opdrag aan te pak nie.

### **2.4. MEMORANDUM**

- Geen kandidaat het die formaat van die memorandum geken nie.
- Die toon en styl van die formaat moet kort en saaklik wees en kandidate het eerder ellangeinstruksies gegee.
- Baie van die kandidate het die term “tuinverfraaiing” verkeerd vertolk en dit verwar met 'n mooi tuin met 'n tafel en koek.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

## **2.1. FORMELE BRIEF**

- Gee genoeg klasoefeningewaar in die formaat, toon en styl beklemtoon word.
- Voorbeelde van goeie opstelle behoort aan kandidate gegee te word, maar dit moet deeglik met hulle bespreek word. Lig tydens die bespreking presies uit wat die teks 'n goeie teks maak. Swak tekste(kandidate se eie tekste) kan ook gebruik word om juis aan hulle te wys wat nie gedoen moet word nie.
- Onderwerpinterpretasie moet ook deurlopend geoefen word sodat kandidate geskool kan word hoe om die inhoud daaruit af te lei.

## **2.2. TOESPRAAK**

- Die toespraak is 'n gewilde keuse by eksaminatore en behoort deeglik deur onderwysers onderrig te word.
- Maak ook kandidate daarop attent dat die teikengroep van die toespraak bepaal of die toon formeel of informeel gaan wees.

## **2.3. ONDERHOUD**

- Leer kandidate die korrekte formaat van die onderhoud.

## **2.4. MEMORANDUM**

- Leer kandidate die funksie en formaat van die memorandum.
- Leer hulle ook wat met kort en bondig bedoel word, want hulle vereenselwig dit met telegramstyl.
- Fotostate van die teks moet aan kandidate gegee word.

### **(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners**

- Kandidate het slegs die eerste drie vrae in die afdeling gedoen omdat hulle blykbaar nie die formaat van die memorandum gekenhet nie.
- Die toon en styl waarin die tekste geskryf moet word, moet beklemtoon word en goeie voorbeelde van transaksionele tekste moet aan leerlinge getoon word.
- In die verlede was elke onderwerp in die vraestel volledig uiteengesit bv. Skryf 'n klagtebrief aan ..... waarin jy JOU ONGELUKKIGHEID uiteensit. Dui ook jou VERWAGTINGE aan en verskaf ook WENKE hoe hierdie probleem opgelos kan word. In dié vraestel is die onderwerp nie so uiteengesit nie. Kandidate moet geleer word om die ontleding van die onderwerp op hul eie te kan doen.

### **(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- As 'n Afrikaanse vakonderwyser nog nie op die stadium 'n SELFSTUDIEGIDS: SKRYF VAN KREATIEWE TEKSTE het nie, moet hulle dringend dit in die hande probeer kry.
- Laat kandidate redigering doen van bv. briewe deur vir hulle voorbeelde met verskillende tipe foute te gee.
- Indien kandidate hulle eie werk beoordeel, laat hulle dit aan die hand van kontrolelyste doen.
- Leer kandidate wat met kort en bondig bedoel word – telegramstyl is nie kort en bondig nie.
- Bring SKRYF en PRAAT by mekaar uit – kandidate kan bv. die toespraak/dialog ens. Na die skryfproses mondelings aanbied.

### QUESTION 3

(a) **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Die meeste kandidate het Afdeling C van gemiddeld tot goed beantwoord. Daar het definitief 'n verbetering by die beantwoording van die afdeling ingetree. Dit kan wees omdat hulle meestal die dagboekinskrywings en instruksies gekies het waarmee hulle redelik bekend is. Die eksaminators se keuses by Afdeling C is ook baie beperk; dit maak die voorbereiding vir kandidate dus soveel makliker.

(b) **Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

#### 3.1. STROOIBILJET

Min kandidate het die vraag beantwoord, slegs ongeveer 6% en het swak tot gemiddeld hierin gevaar. Kandidate moes 'n strooibiljet ontwerp waarin die krisissituasie met betrekking tot vars water onder die publiek se aandag gebring word. Die volgende algemene foute is begaan:

- Die meeste kandidate het nie die formaat van die strooibiljet geken nie. Opskrifte, kontakbesonderhede, die wie, wat en wanneer het ontbreek.
- Die waterkrisis is nie aangespreek nie, maar wenke is gegee hoe om water te bespaar.
- Kandidate was nie kreatief genoeg in die ontwerp van 'n strooibiljet nie.
- Kandidate kon nie strooibiljet inhoud van die opdrag aflei nie, want hulle het nie gefokus op die krisissituasie waarin vars water verkeer nie, maar het eerder oor die belangrikheid van water geskryf.

#### 3.2. DAGBOEKINSKRYWINGS

Die meeste van die kandidate het die vraag gedoen, ongeveer 52% en het swak tot uitsonderlike tekste geproduseer. Hulle moes twee OPEENVOLGENDE dae se inskrywings in hul dagboek doen na aanleiding van die prikkel: "Ag, as ek maar net geluister het". Die kandidate moes dus 'n gebeurtenis/ervaring beskryf wat daartoe aanleiding gegee het dat hulle die versugting gemaak het. Uit die aard van die saak moes die ervaring dus iets onaangenaams gewees het. Daarna moes hulle hul gevoelens en gedagtes beskryf het. Die volgende algemene foute is begaan:

- Baie kandidate het slegs EEN dagboekinskrywing gedoen.
- Baie kandidate het slegs hul emosies en gedagtes weergegee sonder om die gebeurtenis te beskryf.
- Oppervlakkige en vae beskrywings was ook aan die orde van die dag bv. *Hulle beskryf hoe hulle tydens hul eksamenvoorbereiding aan die slaap geraak het en skielik aan die einde is hulle spyt omdat hulle nie na hul ouers geluister het nie.* Nêrens word dit gemeld wat hulle ouers gesê of verlang het nie.
- Dit waaroor hulle spyt is, hou nie verband met die ervaring wat hulle meegemaak het nie.



### 3.3. INSTRUKSIES

Ongeveer 42% van die kandidate het die vraag aangepak en hulle het gemiddeld tot goed hierin gevaar. Die kandidate moes **instruksies** aan 'n vriend/in los om na hul twee troeteldiere vir 'n week om te sien. Kreatiwiteit het by hierdie opdrag ontbreek, maar sommige kandidate het daarin geslaag om humor in te bring in die versorging van hul troeteldiere. Die instruksies kon in paragraafvorm of puntsgewys aangebied word. Die mees algemene foute wat begaan is, is die volgende:

- Instruksies is in telegramstyl geskryf.
- Instruksies is onrealisties bv. Was my hond drie keer per dag en trek sy slaapklere aan/Borsel sy tande na elke ete.
- Slegs 'n paar instruksies is neergeskryf wat nie naastenby 100-120 woorde beloop nie.
- Instruksies het niks te doen met troeteldiere nie/die tipe troeteldiere word nêrens vermeld nie.

### (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

#### 3.1. STROOIBILJET

- Klasoefening oor die formaat van die strooibiljet asook oefening hoe om die inhoud van die onderwerp af te lei.

#### 3.2. DAGBOEKINSKRYWINGS

- Slegs genoegsame oefening in die skryf van die tekste gaan die situasie verbeter. Kandidate moet gedril word in die volgende:
  - Wat het vandag gebeur wat die moeite werd is om oor te skryf.
  - Hoe voel ek nou daaroor.
  - Wat is my gedagtes nou daaroor en hoe gaan dit my toekomstige optrede beïnvloed.

### 3.3. INSTRUKSIES

- Slegs genoegsame klasoefening kan dit verbeter.

### (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

- Kandidate lees nie die instruksies goed genoeg nie; daarom is daar so baie foutebegaan bv. slegs een in plaas van twee dagboekinskrywings.
- Daar is nog altyd leerlinge wat die hele skryftekste in hoofletters skryf; geen leestekens gebruik nie – hulle skryf al hulle sinne aanmekaar.

### e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

- Die inoefening van Transaksionele skryfwerk moet alreeds vanaf graad 8 gedoen word.
- Die SELFSTUDIEGIDS met al die verskillende skryfstukke moet aan alle skole en onderwysers bekend gemaak word. 'n Mens kon duidelik die verskil sien in die kandidate se werk waar hierdie gids met vrug aangewend is.

\_\_\_\_\_

**SIGNATURE OF CHIEF MARKER:** \_\_\_\_\_



**SIYASEBENZISANA/ WORKING TOGETHER/ SAMEWERKING**  
*Quest for Excellence through high powered performance*

